**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**JUNIE EKSAMEN 2018**

**GRAAD 10**

**VRAESTEL 1**

TYDSDUUR : 2 UUR PUNTE : 80

**************************************************************************************************************

Hierdie vraestel bestaan uit **11** bladsye.

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS** :

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A : Begrips** | **(VRAAG 1)** | **- 30** |
| **AFDELING B : Opsomming** | **(VRAAG 2)** | **- 10** |
| **AFDELING C : Taal** | **(VRAAG 3)** | **- 40** |

2. Beantwoord **al die vrae.**
3. Voer die instruksies wat aan die begin van elke afdeling gegee word, noukeurig uit.
4. Nommer jou antwoorde soos die vrae in die vraestel genommer is.
5. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
6. Dink voor jy skryf.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Beplan jou tyd.

**AFDELING A : LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 : TEKS A**

**Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

## SONIA CABANO PRAAT MET ... DANNY K



Hy sing, hy dans. Hy's onlangs benoem as die 'sexyste' man in Suid-Afrika. Hy het op versoek saam met Ladysmith Black Mambazo en Paul Simon vir Oprah Winfrey, haar gunsteling liedjie toegesing ("Diamonds on the soles of her shoes") by die kletskoningin se 50ste verjaarsdag-opskop in Chicago. En by Nelson Mandela se 85ste verjaarsdagfees waar hy ook die oorsese gaste in ekstase gehad het. Danny K.

Sy "Who's that girl?",in samewerking met Johnny Clegg, was 'n plaaslike radiotreffer. En die platejoggies weet al: as 'n nuwe Danny K-uitreiking tot barstens toe deur 'n klub se luidsprekers pomp, dan pak die mense daai dansvloer vol.

Hy's warm, Danny K. Hy's nou, en heeltemal ons eie. 'n Joodse ou oorspronklik uit Sydenham in Johannesburg, 'n vars en *funky* sielvolle sangstyl en hope charisma. Hy het aanhangers uit elke skakering van die reënboognasie. Sy klank en beeld is losweg dié van die nuwe Suid-Afrika. "My klank het 'n pop-, soul- en R&B invloed, en dit smelt lekker saam met Mandoza se kwaitostyl." sê hy.

By die 2004 se MTV 46664-konsert in Groenpunt het Danny K die gehoor in die palm van sy hand gehad. Alicia Keyes en Beyoncé Knowles het ook gesing, maar die *local* outjie was net so goed soos hulle.

Om tyd vir 'n onderhoud met hom gereël te kry, kos mooipraat en geduld. Ek onderhandel 'n hele paar dae lank per selfoon en e-pos met Pam Koppel, sy bestuurder, voordat ek kliek die groot K agter Danny staan vir Koppel, en Pam is natuurlik sy ma.

Die 27-jarige Danny K woon saam met sy ouers, en 21-jarige kleinsus, Janna. In Junie 2003 is Jarren, die middelste Koppel-kind, op 23 in 'n helikopterongeluk by 'n bosberaad in Mpumalanga dood. Sy dood was vir Danny K 'n groot verlies. Jarren was sy raadgewer en bestuurder. Danny K se produksiemaatskappy, 123 verwys na sy broer.

Danny K se leuse is: "As jy iets gedoen wil hê, dan doen jy dit self! Wees die kampioen in jou eie lewe."



Blaai om ……Bl. 3

**VRAE**

1.1. Van watter stad af kom Danny K? (1)

1.2. Wat is Danny K se van? (1)

1.3. Watter rol speel Danny K se ma in sy besigheid? (1)

1.4.1. Wat is die naam van Danny K se produksiemaatskappy? (1)

1.4.2. Na wie is dit vernoem? (1)

1.5. **Verwys na Paragraaf 1.**
Danny K het groot talent. Noem **twee** dinge wat hy goed kan doen. (2)

1.6. Hoe het Danny se broer sy lewe verloor? (1)

1.7. Die buitelandse gehoor by Nelson Mandela se verjaarsdagfees het Danny K se opvoering baie geniet.
Haal **ses agtereenvolgende woorde** aan wat dit aandui. (1)

1.8. Vir watter geleentheid moes Danny K vir Oprah Winfrey in Chicago gaan sing? (1)

1.9. Noem **twee** maniere hoe Sonia Cabano met Pam Koppel gekommunikeer het toe sy 'n onderhoud met Danny K wou reël. (2)

1.10. Wat doen mense by klubs as hulle 'n nuwe Danny K liedjie hoor speel? (2)

1.11.Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. Motiveer uit die stuk.

1.11.1. Danny K het 'n tiener-suster. (1)

1.11.2. By die 2004 MTV 46664 konsert het Danny K sy aanhangers onder beheer gehad. (1)

1.12. Waarom was die lewe vir Danny K sonder sy broer so swaar?
Verskaf **twee** redes hiervoor. (2)

1.13. Kies die korrekte antwoord en skryf die letter en antwoord voluit.

Die liedjie 'Who's that girl?' was 'n plaaslike treffer. Dit beteken dat ....

a) mense op die plase die liedjie geniet het.
b) die liedjie in ons land baie popular was.
c) ander liedjies verkies is in plaas van die een.
d) min mense van daardie liedjie gehou het. (1)

1.14. Dink baie Suid-Afrikaners dat Danny K 'n sjarmante en goedgeboude man is? Sê **JA** of **NEE** en motiveer jou antwoord. (1)

**[20]**



Blaai om ......Bl. 4

**TEKS B**

**1.15. Lees die informatiewe teks hieronder en beantwoord die vrae daarop.**

## SABC 2

| | |
|---|---|
| **06:00** | **Morning Live** |
| **08:50** | **Thabang, Thabang** |
| **09:50** | **Takalani Sesame** |
| **11:50** | **Dr Phil** |
| **13:25** | **Days of our Lives (H)** |
| **15:00** | **7de Laan (H)** |
| **15:30** | **Muvhango (H)** |
| **17:30** | **News** |
| **18:00** | **Nhlalala Ya Rixaka** |
| **18:27** | **7de Laan (A)** |

San-Mari waarsku vir Kabelo om nie met Zinzi te mors nie. Oubaas raai wie die reeksmoordenaar kan wees.

| | |
|---|---|
| **19:00** | **News** |
| **19:30** | **Pasella** |

*Pasella* hys die vlag in die administratiewe hoofstad en maak pasta vir die Bokke. Reis saam na Potchefstroom.

| | |
|---|---|
| **20:30** | **Nuus** |
| **21:00** | **Muvhango** |
| **21:30** | **Stokvel (H)** |

Budgets en Mathilda se troue is om die draai. Alles wat verkeerd kan gaan, gaan verkeerd.

| | |
|---|---|
| **22:00** | **Jacob's Cross IV (16)** |
| **23:00** | **Matric Revision** |
| **00:00** | **Smallville (OL 13) (H)** |

* Alle inligting oor uitsaaitye en programinhoud was teen druktyd korrek.
** A: Almal. G: Geweld. H: Herhaling. OL: Ouerleiding. T: Slegte Taal.
*** TV-skedulenavrae vir SABC:0117149797

[Verwerk uit *Beeld*, 19 Oktober 2011]

1.15.1. Noem die program wat om halfses uitgesaai word. (1)

1.15.2. Watter simbool dui aan dat die hele familie saam na 'n program kan kyk? (1)

1.15.3. Watter kos word in Pasella spesiaal vir die sportmanne gemaak en waarheen reis hulle? (2)

1.15.4. Waarvoor staan die (H) wat om 21:30 en die (OL) wat om 00:00 uitgesaai word? (2)

1.15.5. Wat beteken dit as ons sê "die troue is om die draai"? (2)

1.15.6. Noem enige **twee** akteurs/aktrise wat in 'Sewende Laan' optree. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B : OPSOMMING

### VRAAG 2 : WENKE GESONDE EETGEWOONTES

In die artikel hieronder word wenke gegee oor hoe om nuwe vriende te maak. Lees hierdie artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die sewe **wenke** in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**GOEIE EN GESONDE EETGEWOONTES**

Ouers moet van 'n jong ouderdom gesonde eetgewoontes by kinders aanmoedig. Gesonde eetgewoontes en oefening kan vetsug in kinders en volwassenes voorkom. Hier volg 'n paar riglyne ten opsigte van gesonde eetgewoontes vir almal.

1. Dit is belangrik om jou dag met 'n goeie ontbyt te begin. Studies toon dat mense wat ontbyt oorslaan, 'n 21% groter kans het om diabetes te ontwikkel.

2. Jy moet gereelde maaltye eet. Sodra jy maaltye oorslaan, kan jou bloedsuiker val wat veroorsaak dat jou produktiwiteit verminder.

3. Korrekte porsiegroottes is baie belangrik. Indien jou porsies te groot of te klein is, is daar 'n wanbalans in jou energie en voedingswaarde wat jy inneem. Dit kan jou lewenskwaliteit negatief beïnvloed. Die inname van verfynde stysel moet beperk word. Dit sluit happies soos pasteie. Kitspap, beskuitjies, pasta, beskuit en koekies in.

4. Jy moet elke dag vars groente en vrugte eet. Hierdie kosse bevat noodsaaklike vitamins, vessel e nook gesonde suiker wat belangrik vir 'n gesonde lyfstyl is.

5. Drink genoeg water. 6-8 glase is 'n goeie riglyn. Daar is baie mense wat nie van water hou nie, maar mens kan aanleer om dit te drink.

6. Probeer om jou vetinname te beheer. Vet is belangrik vir jou diet, maar te veel vet kan lei tot bloedvat- en hartsiektes.

7. Eet meer vis. Vis is ryk aan omega 3-vetsure wat baie goed vir enige mens se gesondheid is.

[Verwerk uit: *Lig*, Julie 2013]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



Blaai om ……Bl. 6

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.




[Advertensie geskep deur eksaminator]

3.1 Gee die **VERKLEININGSVORM** van die woord **basaar**. (1)

3.2 Skryf die **SYFER 6** uit in woorde. (1)

3.3 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

*Van vroeg tot laat beteken ...*

A van die môre tot die aand

B van 18:00 tot 20:00

C die hele aand

D net in die oggend (1)



Blaai om ......Bl. 7

3.4 Die woord "poeding" bestaan uit die **lettergrepe** poe-ding.

Verdeel die woord **koeldrank** in lettergrepe en skryf dit neer. (1)

3.5 Gee die **MEERVOUD** van die woord **slaai**. (1)

3.6. Skryf die twee woorde waaruit die woord **springkasteel** bestaan, neer. (1)

3.7 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Die doel van die verskillende soorte letters in die advertensie is ...

A om die mense se aandag te trek.
B vir versiering
C om die advertensie maklik te lees.
D omdat dit interessant is. (1)

3.8 Skryf die sin in die **VERLEDE TYD**.
Die basaar is by Moemedi skool. (1)

3.9 Skryf die sin in die **ONTKENNENDE VORM**
Hoenderpastei is 'n baie lekker gereg. (1)
**[10]**



Blaai om ......Bl.8

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

### TEKS E




[Internet]

4.1 Skryf die sin in die **VERLEDE TYD.**

Die seun skree met 'n harde stem.
**Begin so:** Die seun ... (1)

4.2 Skryf die sin in die **TOEKOMENDE TYD.**

Die seun dra 'n ronde brilletjie.
**Begin so:** Die seun (1)

4.3 Skryf die sin in 'n **VRAAGSIN**. Begin met die onderstreepte woord.

Ek <u>het</u> dit op die internet gekry.. (1)

4.4 Skryf die sin in die **INDIREKTE REDE.**

Die vrou vra: Kry jy die feite op die Internet?
**Begin so:** Die vrou vra of (1)

4.5 Gee 'n **ANTONIEM** vir verkeerd. (1)

4.6 Gee die **INTENSIEWE VORM** van hard in die volgende sin:
Die seun skree <u>baie hard</u>. (1)

4.7 Skryf die woord wat in die sin met 'n **HOOFLETTER** gespel moet word, neer.
Die vrou is mej. melesi. (1)

4.8 Gee die **korrekte vorm** van die woord tussen hakies.

Die rekenaar is die (klein) wat mens kan kry. (1)

4.9 Skryf die volgende sin as 'n **BEVELSIN.**
Jy kry die feite op die internet. (1)

4.10 Skryf 'n **KOMMA** op die regte plek in die sin. Onderstreep die komma wat jy ingevul het.

Die seun is kwaad maar die onderwyseres bly kalm. (1)
**[10]**

**VRAAG 5**

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: ARTIKEL**

Gebruik die teks om die vrae te beantwoord.

**Weet jy regtig wat 'n paar drankies aan jou liggaam doen**

Ná (5.1.2) die/'n eerste drankie word jy meer ontspanne met baie selfvertroue.
Ná twee drankies begin jou (5.1.3) liggaam ontwater.
Ná drie drankies word jou reaksie stadiger en jou lewer werk harder om die gif van die alkohol uit jou liggaam te kry.
Ná vier drankies raak jy emosioneel en deurmekaar.
Ná vyf drankies begin jy sleg sien.
Ná ses drankies raak jy depressief.
Ná agt drankies sukkel jy om te beheer wat jy sê en doen. Jy voel naar en jy kan jou bewussyn verloor.

Baie alkohol in jou bloed (5.1.8) ly/lei daartoe dat jy nie reg asemhaal nie of jou (5.1.9) hart se ritme deurmekaar raak.

Kenners sê dat sosiale drinkery baie gewild onder (5.1.10) jong + mense is. Sosiale drinkery is ook die (5.1.11) gevaarlik vorm van drankgebruik.

5.1.1 Vul 'n regte **leesteken** in die titel in. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken wat jy ingevul het. .

Weet jy regtig wat 'n paar drankies aan jou liggaam doen (1)

5.1.2 Kies die regte **LIDWOORD** en skryf dit neer. (1)
Ná (5.1.2) <u>die/'n</u> eerste drankie word jy meer ontspanne met baie selfvertroue.

5.1.3 Gee die **MEERVOUD** van "liggaam". (1)

5.1.4 Skryf die sin in 'n **VRAAGSIN**. Begin met die onderstreepte woord. (1)
Ná drie drankies <u>word</u> jou reaksie stadiger.

5.1.5 Skryf die sin in die **VERLEDE TYD**.

Ná vier drankies raak jy emosioneel en deurmekaar. (1)
**Begin so:** Na vier drankies het ...

5.1.6 Skryf die sin in die **TOEKOMENDE TYD.**

Ná vyf drankies begin jy sleg sien. (1)
**Begin so:** Na vyf drankies sal ...

5.1.7 Skryf die sin in die **INDIREKTE REDE**.

Meneer sê: Na ses drankies raak jy depressief. (1)
**Begin so:** Meneer sê dat ...

5.1.8 Kies die regte **HOMOFOON**. (1)

Baie alkohol in jou bloed (5.1.8) ly/lei daartoe dat jy nie reg asemhaal nie.

5.1.9 Gee die **VERKLEININGSVORM** van "hart". (1)
Jou (5.1.9) <u>klein hart</u> se ritme raak deurmekaar.

5.1.10 Skryf die TWEE woorde as **EEN woord**. (1)
Kenners sê dat sosiale drinkery baie gewild onder (5.1.10) jong + mense is.

5.1.11 Gee die **OORTREFFENDE TRAP** van "gevaarlik". (1)

Sosiale drinkery is ook die (5.1.11) gevaarlik vorm van drankgebruik.

5.1.12 **Rangskik** die woorde tussen hakies in die regte volgorde. Skryf die sin oor.


Die tiener drink koeldrank (vinnig, by die Spaza, vandag). (1)

5.1.13. Skryf die sin in die **ONTKENNENDE VORM**.

Baie drank maak iemand se hartritme vinniger. (2)

**[14]**

**TEKS G: Prent**



Die gesin kuier baie lekker buite. Oupa sit by die tafel, terwyl ouma sorg dat daar lekker slaai en pap is. Die mans braai vleis. Die jong vrouens kyk na al die klein kindertjies. Die jong kinders hardloop in die tuin rond.

5.2.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die (deur/deer) van die huis staan oop. (1)

5.2.2 Vul 'n **komma** en 'n **punt** in die volgende sin in en onderstreep dit

Die broer swaer en die jongste sussie braai vleis (2)

5.2.3 Kies die regte woord tussen hakies:

Die jongste sussie dra 'n (pet/hoed). (1)

5.2.4 Kies die regte woord tussen hakies.

Die seuntjie en die dogtertjie (jaag/jag) mekaar. (1)

5.2.5 Kies die regte woord tussen hakies.

Die plante op die stoep is in (pote/potte) geplant. (1)

**[6]**

**[TOTAAL AFDELING C: 40]**